NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  Magaliesberg Jeugkampterrein: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

18 November 2022: Nr 40/2022

Warmnuus

❖ UP Teologiese studente

Legitimasie

Die Teologiese studente in hulle finale jaar is op Donderdag *10 November* in Universiteitsoord gelegitimeer as proponente van die NG Kerk. Hulle is: *Rikus Blom; Heinrich Momberg; Christo Venter; Jeannette de Wet [word later gelegitimeer]; Ian van Niekerk; Robert Meintjies; George Matthee.*

❖ Week van gebed 2023

Die gebed-oordenkings is vanjaar geskryf deur *Eddie Orsmond, Hansie Breedt en Nico Viljoen*. Hulle bied gereeld die kapelbyeenkomste by die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit (AMSS) aan. Die *Afrikaanse* Week van gebed 2023 is besikbaar, **kliek hier**.

❖ 2023 Jaarboek



Net 'n beperkte voorraad beskikbaar!.

Goeie nuus: Hierdie jaar is daar geen prysverhoging nie.

Die Jaarboek verskaf al langer as 170 jaar belangrike inligting oor die NG Kerkfamilie aan predikante, kerkkantore en lidmate.

Bybel-Media, uitgewer van die Jaarboek van die NG Kerke, wil ook met hierdie publikasie gestalte gee aan sy leuse: Vennoot in geloof en bediening. **Meer inligting**

Sinodenuus

❖ Werkskepping



Prof Jurie van Vuuren (UP) skryf: “Werkloosheid in Suid Afrika lei tot groot sosiale probleme en kan sekerlik as die hoof oorsaak van armoede bevestig word. Internasionaal is daar ‘n direkte korrelasie tussen die entrepreneuriese geneigdheid van ‘n bevolking en ekonomiese groei.”

Gemeentes wat wil betrokke raak by die Werkskeppingsprogram van die Noordelike Sinode wat by die Sinodesitting bekend gestel is, kan vir Maryke Venter, maryke@elpidatrust.co.za / 082 452 4517 of vir Paul Grobler, paul@noordsin.co.za / 082 653 5734 kontak. **Kliek hier** vir meer inligting.

❖ Bestmed

Nuwe gapingsdekking

Alexander Forbes, die konsultante wat predikante en ander personeel se belange by Bestmed hanteer, stel 'n nuwe produk bekend. Hierdie produk help om die gaping tussen mediese fonds tariewe en die werklike koste van diensverskaffers te vul.
* Kliek hier vir 'n brosjure en 'n inligtingstuk van **Admed**. Kontak hulle gerus hieroor.

2023 Produkinligtingsessies

Lede word hartlik uitgenooi na die bekendstellng van die gapingsdekkingproduk en ‘n kort bespreking oor die mees kritiese veranderinge aan die voordeelopsies en ledegeld vir 2023. Daar sal vanjaar ***twee aanlyn-inligtingsessies*** gehou word vir die Kerkgroep wat deur beide Alexforbes en Bestmed behartig sal word:
* *17 November* [17:00-18:00] – **Kliek hier** om te registreer.

❖ Tekslees met ‘n verskil

Dinsdag 22 November: Fanie Cronje en Kobus Myburgh is beide nie beskikbaar nie. **Driaan Britz** gaan die geleentheid lei. Kontak hom by 083 232 4706 vir meer inligting.

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Simpatie

Danie Nelson [vroëer van Warmbad] is onverwags oorlede.

❖ Emeritaat

James Kirkpatrick [Stellastraat] het eerskomende Sondag, *20 November*, sy afskeidsdiens na 42 jaar in die bediening. Hy en Mari gaan na hulle aftrede steeds in Pretoria woon.

❖ Verjaarsdagwense

21/11 Marius Hunter [Northam]
22/11 Hennie Hoepfner [Albertyn]
23/11 Christo J van Vuuren [Emeritus]
24/11 Paul Grobler [Sinodehuis]
Stephan Strydom [Dalunie]
Pieter Conradie [Emeritus]

24/11 San Horn [Eggenote van Matie Horn, Pietersburg]
Jeanine Rothmann [Eggenote van Willem Rothmann, Overkruin]
25/11 Louise Peens [Eggenote van Hannes Peens, Marken]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae

Môregloed [20/11/1958]
Eldoraigne [21/11/1971]
Renosterpoort [25/11/1961]
Marken [26/11/1960]

❖ Koedoeskop

Willem Pelser, leraar van Koedoeskop, skryf die volgende: “Onder ons leiding het daar ‘n nuwe gemeente in Thusang, net buite Roedtan ontstaan met ‘n Evangelis wat die dienste waarneem.

Die gemeente het nou uitgebrei en hulle begin op 18 Desember ‘n nuwe bediening op Zebediela, ongeveer 50km daarvandaan. Daar is baie meer mense wat bedien kan word. Die dienste gaan in die Gemeenskapsaal gehou word.

Ons benodig ongeveer 100 stoele en so 4 tafels. Indien daar iemand is wat oortollige stoele of tafels het wat hulle wil skenk, kan hulle my skakel op 083 276 5141”.

❖ “Relay for Life”

Die **Ring van Sesmylspruit** skryf: “Die gemeentes ring bied van *2-3 Desember* 'n *KANSA relay for life* aan, waartydens ons die stryd van Kankerstryders en -versorgers vier. Hierdie internasionale geleentheid word ook in baie stede van Suid-Afrika aangebied ter bewusmaking en erkenning van die stryd wat kankerlyers en oorwinnaars voer, asook dié van hulle versorgers en ondersteuners.
* **Video**: https://www.youtube.com/watch?v=NA4h9srDghQ * **Inskrywings en info**: https://bit.ly/CANSArfl22

❖ Eerstejaarskampe 2023



Universiteitsoord

* Eerstejaarskamp: *30 Januarie - 3 Februarie 2023.*
* Personeelkamp (senior studente): *27 - 29 Januarie 2023*
Al die inligting oor die kamp verskyn hier**:**
https://www.universiteitsoord.co.za/eerstejaarskamp.

PUK Kandelaar

31 Januarie – 3 Februarie 2023
Kort Video: Kliek hier
Meer Inligting: Kliek hier
Inskrywings: Kliek hier [Sluitingsdatum: *25 Januarie 2023*]
Facebook: Kliek hier

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Volledige jaarprogram vir 2022
Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / http://www.excelsus.org.za/

Jeugbediening (gevorderde kursus)

Kursus aangebied deur die Sentrum vir Geloof en Gemeenskap by UP.
15 – 19 Januarie 2023; *Verhandeling Maart 2023* [**Kliek hier** vir volledige inligting]

Ander nuus

❖ Bybelgenootskap van Suid-Afrika

Tussentydse aanstelling

Bygelgenootskap skryf: “Ds ***Rodney van Wyk*** is onlangs as die *Tussentydse Uitvoerende Hoof* van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika aangewys. Hy neem die leisels oor by ds ***Dirk Gevers*** wat nou die posisie van *Sekretaris Generaal van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe* beklee. Albei dien reeds sedert *1 November 2022* in hul onderskeie posisies”.
[**Kliek hier** vir die volledige mediaverklaring]

❖ Post-Doktorale studiebeurs

Die Universiteit van die Vrystaat (UV) nooi toepaslik gekwalifiseerde kandidate uit om aansoek te doen vir 'n post-doktorale studiebeurs in die Departement Praktiese en Missionale Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat. [**Kliek hier** vir die volledige inligting]

❖ CLF

Nuusbrief: Seisoen van vreugde - **Kliek hier** om die jongste nuusbrief te lees.

E-pamfletreeks: CLF is in die proses om die pamfletreeks, *Seisoene van Menswaardigheid (2018)* in elektroniese formaat beskikbaar te stel. Die *"Gestremdheid"* e-pamflet is reeds beskikbaar en gratis aflaaibaar, **kliek hier**.

Preekoordenkings: Nuwe preekoordenkings, deur dr *Gideon van der Watt*, is op CLF se Hulpbronsentrum beskikbaar. **Kliek hier**.

❖ Kerkbode

Kerkbode se gedrukte uitgawe verskyn vanaf Maart 2023 as 'n lekkerlees maandblad. Lesers kan nou daarop inteken (3% afslag geld tot 1 Desember 2022). Deur in te teken ondersteun jy *Kerkbode* se volhoubaarheid. Dit is maklik, vinnig en veilig. Volg net die instruksies by hierdie skakel: https://kerkbode.christians.co.za/bestel/.

❖ Vakatures

Kerkbode: **Kliek hier** vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

Môregloed

Leraarspos [vastetermyn 3 jaar] - Die gemeente is 'n tipiese voorstedelike gemeente in die Noord-Oostelike deel van Pretoria (bekend as die Moot), wat gedurende November 1958 tot stand gekom het en tans uit ongeveer 260 belydende en 38 dooplidmate bestaan. Die gemiddelde ouderdom van lidmate is ongeveer 55 jaar. **Kliek hier** vir die volledige advertensie. Aansoeke sluit op *31 Januarie 2023* om 00h00.

Rietfontein-Noord

Musiekbedienaar - Die gemeente skryf: "Ons is opgewonde om jou uit te nooi om ons nuwe musiekbedienaar te word! **Kliek hier** vir die volledige advertensie As hierdie uitnodiging met jou praat, kontak vir Tiaan (0845128243 / tiaanvanniekerk@gmail.com) of Frans (0795243864 / ekfrans@gmail.com) voor *20 November* 2022. Ons sien uit om jou te ontmoet.

Naskrif